

VOËLBERINGING — DEEL 1

R.A. Earlé

"I came upon a falcon/hawk and on its leg was a ring on which was written the address . . . 'INFORM ZOO PRETORIA K04032' . . . I wish to send you this in the hope that it will be of some benefit to you in helping you reach useful results. This hawk was captured on 4/11/'98 according to the Islamic calender and was caught in NW Saudi Arabia about 107 km west of Medina . . ."

Hierdie is die tipe briewe wat gereeld ontvang word by die Suid-Afrikaanse voëlberingings-eenheid (SAFRING) wat by die Universiteit van Kaapstad gesetel is en wat meehelp om verskeie aspekte van die biologie van vele voëlspesies te ontrafel. Maar waar kom hierdie voël aan die ring? Voëls broei tog sekerlik nie met 'n ring aan die poot uit nie?

Voëlberinging is sekerlik dié wetenskaplike aktiwiteit in die Voëlkunde wat beide deur die amateur en professionele Ornitoloog eweveel geniet word. Tydens die beringingsproses word 'n klein metaalringetjie, gewoonlik van aluminium, vleklose staal of 'n metaal-allooi om die voël se tarsus, dit is die harde gedeelte net bokant die tone, toegebuig, sodat die ring los om die tarsus pas maar nie oor die tone of "knie" kan gly en so verlore raak of ongerief vir die voël veroorsaak nie. Wanneer die beringde voël vrygelaat is, sal dit waarskynlik 'n paar maal aan die ring pik, maar na 'n halfuur of so gaan die voël voort met sy normale aktiwiteite en gee geen

verdere aandag aan die ring nie. Opelke ring is 'n unieke reeksnommer ingegraveer, asook die woorde INFORM/VERWITTIG ZOO PRETORIA. Nuwe ringe wat vanaf 1983 gebruik word, sal 'n nuwe adres hê, naamlik INFORM SAFRING UNIVERSITY OF CAPE TOWN.

Wat is die doel van beringing? Reeds in die middeleeue het Voëlkundiges in Europa begin wonder wat word van sekere van die voëlspesies wat so volop is in die somer, maar totaal afwesig is in die Europese winter. Toe Afrika minder donker begin word het in die 17, 18 en 19de eeu, het ontdekkingsreisigers wat Afrika, en veral suidelike Afrika, besoek het, opgemerk dat baie van die voëls waarmee hulle bekend was in Europa in Afrika is tydens die Europese winter. Of hierdie werklik dieselfde voëls was as wat in Europa in die somer die lugruim versier het, kon niemand natuurlik met sekerheid sê nie. Daar moes toe aan metodes gedink word om voëls individueel te merk. Baie metodes is beproef maar dit was eers in 1899 dat 'n Deen, Christiaan Mortensen, 'n aantal voëls van ringe voorsien het wat elk 'n reeksnommer gehad het. Die doel van hierdie beringing was om te sien waarheen die voëls beweeg. Dit was natuurlik moontlik aangesien elke voël, sodra dit 'n ring dra, as 'n individu herkenbaar was indien dit weer gevang of andersins dood gevind sou word.




Die voël word stewig, maar versigtig vasgehou, terwyl die metaalringetjie om die tarsus toegedruk word.

Sedert 1947 toe die eerste voëls in Suid-Afrika bering is, is reeds sowat een miljoen voëls van ringe voorsien. Tans word daar sowat 20 000 voëls per jaar bering deur die sowat 50 individuele beringers en verskeie organisasies in al die provinsies van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika, Zimbabwe en Malawi.

Die vasstelling van sekere voëls se trekroetes en trekgewoontes was die eerste groot doel met die beringing van trekvoëls in Suid-Afrika. Hier het veral die Europese swaeltjie en verskeie van die strandloperspesies baie aandag gekry. Deurdat duisende Europese swaeltjies in Suid-Afrika bering is, is vasgestel dat die swaeltjies wat langs die Kaapse en Natalse kus gedurende ons somer vertoef, hoofsaaklik van Oos-Europa en Rusland afkomstig is, terwyl individue wat in die Transvaal bering is, veral in Wes-Europa broei. Uit elke sowat 1 000 Europese swaeltjies wat in Suid-Afrika bering word, sal waarskynlik net sowat drie in Europa teruggevind word. Daar moet dus groot getalle trekvoëls bering word om voldoende inligting oor hulle trekgewoontes te bekom. Die spoed waarmee die voël migreer kan natuurlik ook vasgestel word. So byvoorbeeld het 'n Europese swaeltjie binne net 34 dae vanaf Kaapstad tot in Sentraal-Rusland, 'n afstand van byna 12 000 km gevlieg. Dit beteken dat die voëltjie ongeveer 350 km per dag afgelê het.

Die vasstelling van trekroetes van voëls is lank reeds nie meer die enigste of hoofdoel van beringing nie en deesdae is voëlberinging 'n basiese tegniek in byna elke studieprojek i.v.m. voëls. Die metaalring word dikwels gebruik saam met ander merkmetodes, soos plastiese kleurringe, genummerde neussaels by eende en skouermerkers vir roofvoëls. Deur van hierdie ander merkmetodes gebruik te maak is die gemerkte voëls as individue herkenbaar in die veld sonder dat hulle eers gevang hoef te word om die nommer op die metaalring te lees. So kan daar byvoorbeeld vasgestel word of die Janfrederikke of lysters in u tuin elke jaar dieselfde pare vorm om te broei en of elke mannetjie dalk elke jaar 'n nuwe wyfie het. Deur 'n hele populasie Bergkwikkies te bering is daar byvoorbeeld vasgestel dat lewenslange pare gevorm word, maar sodra hulle onsuksesvol broei is egskeiding aan die orde van die dag. Deur voëls te bering is bepaal hoe oud verskeie voëlspesies kan word. Daar is vasgestel deur die beringing van 'n groot populasie Kaapse mossies in Wes-Transvaal dat die mannetjies 'n gemiddelde lewensverwachting van slegs 1,5 jaar het en die wyfies 1,2 jaar. Baie van die Kaapse mossies word natuurlik ouer as net die 1,5 of 1,2 jaar, maar baie bereik nooit die eenjaar-merk nie. 'n Wit ooievaar wat onlangs naby Bulawayo in Zimbabwe gevind is, het 'n ring gedra wat 30 jaar tevore reeds om sy tarsus geplaas is en 'n Malgas



Sekere ringgroottes wat gebruik word tesame met enkele apparate wat vir beringing benodig word. Met die sensitiewe trekskaal word elke voël wat bering word se massa eers bepaal voor vrylating. Die staalliniaal met 'n "stop" aan die een kant word gebruik om stert- en vlerklengtes te meet.

wat onlangs dood gevind is naby Lambertsbaai het 25 jaar oud geword. Ook kleiner voëls word soms baie oud. 'n Lawaaimaker het 26 jaar lank in 'n woud naby Pietermaritzburg gewoon en moontlik woon hy nou nog daar, want toe hy op 8 April 1981 vir 'n tweede maal gevang is, nadat hy op 27 Mei 1956 bering is, was hy nog springlewendig. 'n Europese swaeltjie het al 16 jaar oud geword en dus in hierdie tyd die afstand tussen Suid Afrika en Sentraal-Rusland (ongeveer 11 000 km) ten minste 32 maal afgelê — dus 'n afstand van ongeveer 352 000 km net gedurende direkte migrasie. Hierdie inligting sou glad nie bekend gewees het as die voëls nie bering was en dus nie individueel herkenbaar was nie.

Het u al ooit gekyk of die dooie voël wat u in u tuin kry of langs 'n pad teëkom of op die strand optel, dalk 'n ring aan sy poot het? Heel waarskynlik nie. Die moontlikheid dat die voël wel 'n ring sal dra, is baie skraal, maar daar is tog 'n moontlikheid. U mag dalk net die Europese swaeltjie optel wat 'n nuwe snelheidsrekord opgestel het van Engeland af na Suid-Afrika of die oudste seemeeu tot nog toe gevind. Wat maak 'n mens as jy wel 'n voël met 'n ring aan sy poot kry? Indien die voël dood is, moet die ring van die poot verwyder word, platgedruk en met 'n stukkie kleefband op papier vasgeplak word en saam met die besonderhede, naamlik waar die voël gevind is, wanneer, hoe lank en hoe die voël dood is en

natuurlik die naam en adres van die persoon wat die voël gevind het, te stuur aan die Dieretuin in Pretoria of verkieslik direk aan SAFRING, Universiteit van Kaapstad, Rondebosch, 7700. Die Dieretuin in Pretoria kan ook **kosteloos** geskakel word by 012-287328. Hierdie nommer is spesiaal vir inligting oor beringde voëls. As die voël lewend gevang en weer losgelaat gaan word, moet die nommer op die ring net afgeskryf en saam met die besonderhede aan SAFRING gestuur word. Binne ongeveer twee weke nadat SAFRING die besonderhede ontvang het, sal die persoon wat die inligting verskaf het, 'n rekenaaruittrek ontvang waarop die voël se volle besonderhede verskyn: soos waar en wanneer die voël bering is, deur wie, hoe vër die voël beweeg het en enige ander inligting wat van belang kan wees. Beringers maak hoofsaaklik staat op die publiek om inligting oor die voëls wat hulle bering te bekom. Soms is persone onwillig om ringe wat hulle aan voëls kry wat hulle onwettig gejag het in te stuur daar hulle bang is vir vervolging. SAFRING stel net belang in die voëls en nie in wetstoepassing nie. As u dus ooit, of dalk wéér, 'n voël met 'n ring aan sy poot vind, dink daaraan dat baie inligting verlore gaan as u nie die ring en volle besonderhede aan SAFRING besorg nie. Dan dink ons nie eens aan die moeite wat die beringer moes doen om die voël te bering nie. Hy het dalk tot by sy bors in 'n stinkende vlei gestaan waar die muskiete hom byna opgevreet het, net om daardie voël te kon vang.



Die woorde INFORM/VERWITTIG ZOO PRETORIA, asook 'n unieke reeks-nommer, is op elke ring ingegraveer. Alhoewel verwerking van die ring, veral in 'n waterhabitat, die nommer mettertyd onduidelik kan maak, is die ring se leeftyd gewoonlik veel langer as dié van die voël.